MOEDERKERK
KRUISKERK

BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER
PALMSONDAG TOT PINKSTER 2024

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES

Lees die teksgedeelte ’n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

MEDITEER

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe “lees”. Die Bybel (God!) raak die “subjek” van die aktiwiteit en ons lewe die “objek”.

BID

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit ’n spontane reaksie om daaroor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloof.

ONTVANG & LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen.* “Ontvang” dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: *“Laat dit met my wees volgens u Woord”.* Bid is hier ontvang en dankie sê.

Lydenstyd op pad na Paasfees

Lydenstyd is die tydperk van 40 dae voor Paasfees. Dit is die seisoen in die kerkjaar waartydens ons oor Jesus se lyding dink.

Groot Lydensweek:

Die week tussen Palmsondag en Paassondag staan bekend as die *Groot Lydensweek*. Dit is die hart van die kerklike jaar wat die dieptepunt van die lyding van Christus herdenk, maar ook die wonderlike misterie van die evangelie vier.

Dit is ‘n week wat die felste lyding van Christus in herinnering roep, maar wat uitmond in Opstandingsondag waar die oorwinning van die lewe oor die dood gestalte kry.

Meditasiediens in Moederkerk om 18:00 - 18:45
Maandag 25 Maart - Donderdag 28 Maart

Vrydag 29 Maart - Goeie Vrydag (Erediens 09:30)
Saterdag 30 Maart - Stil Saterdag (Geen erediens)
Sondag 31 Maart - Paassondag (Tuindiens 06:00 en Erediens 09:30)

Hemelvaartdiens
Donderdag 9 Mei om 18:00 in Moederkerk

Pinksterdienste met Cas Wepener
Sondag 12 Mei - Pinksterreeks begin (Erediens 09:30)
Maandag 13 Mei - Donderdag 16 Mei (18:00 in die Hofmeyrsaal)
Sondag 19 Mei - Pinkstersondag (Erediens 09:30)

EIE BYBELLEES

Week	***Seisoen***	***Teks***	***Erediens***
18 - 24 Mrt	*Palmsondag*	Mark 11:1-11	24 Maart
29 Mrt	*Goeie Vrydag*	Ps 22	29 Maart
25 - 31 Mrt	*Paassondag*	Hand 10:34-35	31 Maart
1 - 7 Apr	*(On)suksesvol Reeks 1*	Jer 1:1-19	7 April
8 - 14 Apr	*(On)suksesvol Reeks 2*	Gen 16:1-16	14 April
15 - 21 Apr	*(On)suksesvol Reeks 3*	Matt 13:31-33 Fil 2:5-11	21 April
22 - 28 Apr	*(On)suksesvol Reeks 4*	Joh 21:15-19 Ps 103:1-3	28 April
29 Apr - 5 Mei	*(On)suksesvol Reeks 5*	Matt 10:16-20 Jes 58:6-11	5 Mei
5 - 12 Mei	*Pinksterreeks begin*		12 Mei
13 - 19 Mei	*Pinkstersondag* *(On)suksesvol Reeks 6*	Fil 3:7-11 Joh 10:7-18	19 Mei